

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Demas (127/87) [1987] ZASCA 127 (9 November 1987)

[1987] ZASCA 127

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Jacobs, Van Heerden, Boshoff

CASE / FILE NUMBER

127/87

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPeLAFDELING)

In die saak tussen

HARRY DEMAS Appellant

EN

DIE STAAT Respondent

Coram: VAN HEERDEN, JACOBS ARR et BOSHOFF, Wn AR

Verhoor: 3 November 1987

Gelewer: 9 November 1987

REDES VIR UITSPRAAK

JACOBS, AR :

Nadat Adv Vermeulen, namens die Staat, die Hof mee-

gedeel het dat hy die skuldigbevinding nie kan ondersteun nie.

is die appèl gehandhaaf en die skuldigbevinding en vonnis

ter/22ter syde gestel met 'n aanduiding dat skriftelike redes later in-gehandig sal word. Daardie redes volg nou.Appellant en twee ander, tw Charles Duimpies en Jool Williams (ek verwys hierna na hulle as Duimpies en Jool) is op 17 April 1986 in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop deur Tebbutt R en twee assessore skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede en al drie is ter dood veroordeel.

Slegs Jool het aanvanklik aansoek gedoen om verlof om teen die skuldigbevinding en vonnis te appelleer en die Verhoorregter het sodanige verlof aan hom toegestaan. Op 13 November 1986 is Jool se appèl deur hierdie Hof aangehoor en op 25 November 1986 het hierdie Hof uitspraak gelewer en is die skuldigbevinding en vonnis, vir sover dit hóm betref, ter syde gestel. In voormelde

uitspraak word deurgaans na appellant verwys as Demas.

Uit/3

3

Uit die stukke blyk dit dat appellant, nadat hy

destyds skuldig bevind is, in 'n ander moordverhoor namens die

Staat moes getuig en dat hy daarna na Pretoria oorgeplaas is waar

hy in die gevangenis aangehou is. Op een of ander stadium het

hy vanuit die gevangenis in Pretoria aan Adv Marlow, wat by sy

verhoor namens hom opgetree het, 'n brief gerig waarin hy die wens uitgespreek het om teen sy skuldigbevinding en vonnis te appelleer en die advokaat gevra het om die nodige stappe namens hom te doen. Op 21 November 1986 het Adv Marlow, namens appellant, 'n versoekskrif ingedien waarin verlof om te appelleer aangevra is. Soos vroeër vermeld, is Jool se appèl intussen deur hierdie Hof aangehoor en is uitspraak op 25 November 1986 gelewer. Op 28 November 1986 het appellant se aansoek om verlof om te appel-

leer voor Tebbutt R gedien. Die geleerde regter het kondonasie

aan / 4

4

aan appellant toegestaan vir die laat indiening van sy aansoek

en verlof aan hom verleen om teen sy skuldigbevinding en vonnis

te appelleer.

Die feite van die saak en die getuienis wat deur die

staatsgetuies en deur appellant en sy twee mede-beskuldigdes

tydens die verhoor afgelê is word volledig uiteengesit in hierdie

Hof se uitspraak van 25 November 1986 in Jool Williams v Die

Staat (ongerapporteer) en dit kan geen doel dien om daardie feite en die redes waarom die skuldigbevinding en vonnis van Jool ter syde gestel is te herhaal nie. Soos Tebbutt R tereg aangetoon het toe hy verlof aan appellant verleen het om te appelleer en soos trouens ook duidelik blyk uit hierdie Hof se uitspraak in Jool se saak, was die getuienis waarop laasgenoemde deur die

Verhoorhof skuldig bevind is presies dieselfde as dié waarop appellant / 55appellant se skuldigbevinding berus het. Hierdie Hof het reeds bevind dat daardie getuienis nie bo redelike twyfel bewys dat Jool enige aandeel gehad het in die aanval op die oorledene wat aanleiding tot die aanklag gegee het nie. Dieselfde geld vir sover dit appellant betref.

Die skuldigbevinding en vonnis is gevolglik ter syde gestel.

H.R. JACOBS, AR

Ek stem saam

H.J.O. VAN HEERDEN, AK

W.G. BOSHOFF, Wn AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1987/127.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-demas-unknown-topic-asca-1987--6a3ea50f3b1caa9129807ccc>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria